

Lêerno.: 11/1/5/1
Verwysing: 20230906-7790

Inrigtingsontwikkeling-en-koördineringsminuut: 0003/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Leerderondersteuning, Kringbestuurders, Hoofonderwyskundiges, Adjunk-hoofonderwyskundiges en Prinsipale

Onderwerp: Die Burger Jeugleierskapskonferensie van 10 tot 14 Desember 2023

1. Die Burger-koerant, in samewerking met die Wes-Kaapse Onderwysdepartement, sal die 65ste jaarlikse Jeugleierskapskonferensie vanaf **10 tot 14 Desember 2023** in Kaapstad aanbied.
2. Skole word genooi om die verkose voorsitter en/of ondervoorsitter van die verteenwoordigende raad van leerders vir 2024 te benoem om aan hierdie uiters verrykende ervaring deel te neem. Vyftig jeugleiers sal die geleentheid kry om dit by te woon. Die keuringskriteria word by die aansoekvorm ingesluit.
3. Die voertaal van die konferensie sal Afrikaans (die taal van *Die Burger*) wees, en alle aanbiedinge sal in Afrikaans plaasvind. Kandidate vanuit alle taalgroepe sal egter vir keuring oorweeg word indien hulle oor 'n grondige begrip van Afrikaans beskik.
4. Daar word van gekose leiers verwag om die konferensie vir die volle tydsduur vanaf Sondag, 10 Desember 2023 tot Donderdag, 14 Desember 2023 by te woon. Let asseblief daarop dat leiers nie gedurende hierdie tydperk verskoon sal word vir skoolverwante of persoonlike verpligtinge nie.
5. Die elektroniese aansoekvorm is beskikbaar via die skakel hieronder en moet volledig ingevul word. Skole moet voorts 'n **video van dertig sekondes** oplaai, waarin die jeugleier 'n aanbieding doen om die nominasie te ondersteun.
6. Volg die skakel, <https://forms.gle/HvJ4QNXKSYv8oZBu7>, om die aansoekvorm teen **20 Oktober 2023** in te vul en in te dien.

7. Let asseblief op die volgende belangrike datums:
- Nominasies sluit: 20 Oktober 2023
 - Finale keuringsproses: 03 November 2023
 - Bevestiging van die gekose groep in *Die Burger*: 04 November 2023
8. Skole kan enige navrae oor die konferensie aan die **organiseerder van die konferensie, mnr. André Lamprecht by tel. 021 833 8482 of per e-pos aan Andre.Lamprecht2@westerncape.gov.za** rig.
9. U ondersteuning van hierdie projek sal waardeer word.
10. Prinsipale word vriendelik versoek om hierdie minuut onder die aandag van al die betrokke onderwysers te bring.

GETEKEN: AJE MEYER

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING- EN KOÖRDINERING

DATUM: 2023-09-19